Werke van die Vlees en Vrugte van die Gees

Die *werke* van die *vlees*…

Galasiërs 5:19

Die *vrugte* van die *Gees*…

Galasiërs 5:22

So pas het die kerke weer Pinksterfees gevier. Die Heilige Gees het 2 000 jaar gelede in Christus se kerk en in die lewe van God se Verbondskinders kom woon. En die Heilige Gees doen nou wonderlike dinge onder ons: Op die nuwe geboorte (wedergeboorte) volg nou die daaglikse vernuwing. Die kind van God doen nou nie meer die werke van die vlees nie, maar in hom of haar sien ons nou die *vrugte* van die Heilige Gees.

In Galasiërs 5:19-21 vind ons 'n lang lys van die werke van die vlees. Die nuwe vertaling noem dit *praktyke van die sondige natuur:*

> Owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge…

Wat word bedoel met 'vlees' en 'Gees'?

'Vlees' is die mens wat geheel-en-al deur die sonde bedorwe is. Nie alleen sy 'gees' (ook verstand en denke) is verrot nie, maar ook sy liggaamlike, fisiese bestaan. Al sy sinne en drange is deur die sonde aangetas.

Daarteenoor staan die Gees (met 'n hoofletter!). Dit is God die Heilige Gees wat aan God se kinders gegee is om hulle in alles te lei en hulle te regeer dat hulle heeltemal 'n ander pad as die 'vlees' loop.

Werke en vrugte

Is dit nie buitengewoon opmerklik nie? Nêrens lees ons in die Bybel van die *vrugte* van die vlees nie, maar altyd word van die werke van die vlees gepraat.

Maar ook omgekeerd: die goeie dinge wat die mens doen, word nie sy werke genoem nie, maar die *vrugte* van die Heilige Gees.

Werke beteken verantwoordelikheid

Werke is dinge wat *gedoen* word. Dit bring onmiddellik *verantwoordelikheid*. En hier is nou 'n baie ernstige waarheid: 'n mens wat die werke van die vlees doen, neem *verantwoordelikheid* daarvoor. Hy (sy) is verantwoordelik vir sy sondige dade — nie iemand anders nie.

Jy wat owerspel bedryf jy moet die verantwoordelikheid dra…

Jy wat jou oorgee aan dronkenskap — jy is daaraan skuldig…

Jy wat so jaloers is op jou naaste — jy sal moet rekenskap gee … ens.

Die sondige wêreld en daarmee baie sielkundiges, psigiaters en tydskrifte sien dit *egter* nie so nie. Hulle sien hierdie sondes as *gevolge*, as *vrugte*. Daarom is dronkenskap vir baie mense nie meer

sonde nie, maar 'n gevolg van iets anders, 'n tragiese 'uitvlug' uit die moeilike situasie. Die man is 'n 'slagoffer' van sy geldsake of huwelik of wat ook al. Hy is nie *verantwoordelik* vir sy dade nie.

Maar die Bybel sien dit nie so nie. Sonde is konsekwent verantwoordelike werke. Dit is nie *vrugte* nie.

Vrugte groei in stilte

Vrugte groei sonder verantwoordelikheid. Dit gaan vanself. Dit is *sonder ons toedoen*. Dit is van God die Heilige Gees. Dit is 'n wonder. Die mens kan dit nie maak nie. Die slimste wetenskaplike en die beste fisikalaboratorium kan nooit 'n saadkorrel maak met die vermoë om te groei nie. Alleen God kan dit doen. Hy gee die vrugte. Hy DOEN dit. Hy WERK dit … in Christus deur sy Gees!

O, mens, het jy dit gehoor? Sondaar, besef jy dit: As jy begin werk, dan is dit alles boosheid en verderf. Maar as God werk, dan is daar vrugte in jou lewe, wonderlike vrugte:

Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing… (vers 22)

Die sondige vlees doen *werke*…

Die Heilige Gees gee *vrugte*…

Vir die werke neem ons die verantwoordelikheid en is skuldig. Vir die vrugte dank ons God en is verlostes.

A.J.

© 2016
www.christelikemedia.org